# Hillcrest High School

Graad 11

## AFRIKAANS EAT VRAESTEL 2

JUNIE 2023

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**EKSAMINATOR:** Mev. L. Middleton

**MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

INSTRUKSIES EN INLIGTING.

1. Hierdie vraestel bestaan uit EEN afdeling.

   Roman: Lien se lankstaanskoene 70 punte

   Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.


2. Lees die instruksies baie goed.

3. Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.
   Mev. Jordaan, Middleton, Meiring, Schoeman of Henderson

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

**Lien se lankstaanskoene**




**Teks A**

Lees die uittreksel hieronder en beanwoord dan die vrae wat volg.

Lien hoor die wynglas se voetstuk maak "klink" op die eetblad in die kombuis.

Sy ken die ritueel. Yskas se deur oop. "Tjorr" word die wyn in die glas geskink. Yskas se deur toe. Vrieskas se deur oop. Ysbak kraak. "Ploinks" val die ysblokkie in die wyn. "Ploinks", nog een. Vrieskas se deur toe. Stilte. Behaaglike sug...

Lien kyk na Braam. Hy kyk nie terug nie, sit net die televisie harder. Sy ruik iets brand in die kombuis: Roereier en roosterbrood. Sy moet seker gaan help, maar sy wil nie.

"Kos is op die tafel." roep 'n stem vanuit die kombuis. Braam sit die televisie weer sagter en staan op. Lien weet hy is gewoonlik teen dié tyd rasend van die honger. Sy volg traag.

Die pan roereier staan in die middel van die eetblad. Langsaan is 'n hopie halfverbrande roosterbrood en die oopgesnyde blik boontjies in tamatiesous wat hulle gisteraand net halfpad geëet het. Braam trek 'n kroegstoeletjie nader en val gulsig weg.

Hulle ma leun met haar neus teen die venster en staar deur die kantgordyn na die paar liggies onder in die dal wat hulle skrams deur die woonstel se kombuisvenster kan sien.

"Het ons nie 'n wonderlike *view* nie? sug haar ma geel en gelukkig. Oor die CD-spelertjie in die hoek blêr 'n vioolkonsert wat dooie mense in hul grafte sal laat regop sit.

1.1. Gee die naam en van, van die persoon wat wyn skink. (1)

1.2. In die tweede paragraaf sê Lien dat sy die ritueel ken.

1.2.1. Verduidelik in jou eie woorde wat 'n ritueel is. (1)

1.2.2. Wat sê dit vir ons omtrent Lien se ma se drinkgewoontes dat die skink van haar wyn 'n ritueel is? Kies die KORREKTE woorde tussen hakies.

Lien se ma drink (gereeld/nie gereeld nie.) (1)

1.3. Die drie mense wat in die woonstel woon het verskillende tegnieke om te ontsnap van hulle moeilike omstandighede.

Beantwoord in jou **eie woorde**.

1.3.1. Noem 1 ding wat Lien doen. (1)
1.3.2. Noem 1 ding wat Braam doen. (1)
1.3.3. Noem 2 dinge wat die ma doen. (2)

1.4. Wat weet jy omtrent die inhoud (contents) van die gesin se yskas? (1)

1.5. Daar is 'n probleem met 'n item van Braam se skooluniform.
1.5.1. Wat is dit? Wees spesifiek. (1)
1.5.2. Wie se verantwoordelikheid word dit in die roman om die probleem reg te stel? (1)

1.6. Teen die einde van die hoofstuk lees ons:

"Ek haat jou, sê sy vir hom in die spieël. "Ek... háát...jóú," sê sy weer, stadiger, afgemete, klem op elke woord.

Kies die korrekte woorde uit die blokkie hieronder om die paragraaf te voltooi. Skryf slegs die vraagnommers en die woorde neer.

| |
|---|
| afwesig, finansieël, ma, maklike, pa, fisies, dronk, moeilike |

Lien praat hier met haar 1.6.1._________. Sy is kwaad omdat haar ouer 1.6.2.________ is. Die gesin sukkel nou 1.6.3.__________. Lien blameer hulle 1.6.4.__________ omstandighede op haar ouer. (4)

1.7. Verduidelik die rol wat Wouter in Lien se lewe speel. (1)

1.8. Noem 2 dinge wat Lien en Wouter in gemeen (common) het. (2)

1.9. Waar ontmoet Lien en Wouter mekaar soggens om saam skool toe te stap? (1)

1.10.1. Gee die naam van die eerste plek waar Lien werk. (1)
1.10.2. Wie het vir Lien die werk gekry? (1)
1.10.3. Noem 1 ander ding wat dié persoon vir die gesin doen. (1)
1.10.4. Hoeveel geld sou Lien daar verdien? (1)
1.10.5. Verduidelik in jou eie sinne wat veroorsaak het dat Lien dié werk gelos het. (2)

1.11. Lien hou nie van haar nuwe hoërskool nie. Sy het ook niemand om soggens mee uit te hang nie.

Pas die plek in kolom A by die beskrywing in kolom B.
Skryf slegs die vraagnommers en die letters neer.

| | Kolom A | | Kolom B |
|---|---|---|---|
| 1.11.1 | Oorsese tydskifte | A | Sy maak 'n lysie van plekke wat sy wil besoek. |
| 1.11.2 | In die biblioteek | B | Sy skuil in die oggende hier. |
| 1.11.3. | Lewenswetenskappe-boek | C | Sy en Wouter drink hier koffie. |
| | | D | Sy soek plekke om te besoek. |

(3)

**Teks B**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Hulle *float* gewoonlik deur Lewensoriëntering, want meneer Bruwer doen nie veel moeite om hulle oor die lewe te oriënteer nie. Dis gewoonlik 'n nonsens-pratery, of hulle kry kans om huiswerk te doen. Vir Engels sien sy kans.

Maar meneer Bruwer het onverwags 'n gewete.

"Klas, die tyd raak min. Een van die dae moet julle die grootmenswêreld pak. Hoeveel van julle weet al wat julle volgende jaar gaan doen?"

Hier en daar steek iemand lusteloos 'n hand in die lug.

"Nou goed, ons gaan die volgende paar periodes iets aan die saak doen," sê hy beslis.

Hy deel vir elkeen 'n vormpie uit. Daarop moet hulle, hulle naam invul en watter beroep hulle eendag wil beoefen.

1.12. Watter beroep skryf Lien neer? (1)

1.13. Gee die name van die ander drie lede van Lien se Lewensoriëntering-groepie. (3)

1.14. Wie neem leiding van die groepie? Gee die persoon se naam. (1)

1.15. Kies die KORREKTE antwoord hieronder en skryf dan die vraagnommer en LETTER neer.

Lien se verantwoordelikheid vir die Lewensoriënteringtaak is om:

A. met ‘n iemand in die beroep kontak te maak.
B. uit te vind wat die universiteite wil hê.
C. ‘n draai by so ‘n firma te maak. (1)

1.16. Waar werk Lien se ma? (1)

1.17. Hoekom is Lien bekommerd oor haar ma se werk? (1)

(35)

**Teks C**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

“Ek ken nie jou agtergrond nie en ek weet ook nie wat by julle huis gebeur nie, maar dit is vir my duidelik dat jy vir iets of iemand baie kwaad is. En dis nie regverdig dat jy dit op ons uithaal nie.”...

... “Ek dink jy het baie potensiaal, maar dan moet jy ophou om so stilletjies onder die radar deur te oorleef.”... “Dit sal dalk help as jy met iemand praat oor wat jou pla.”...

“Ek wil hê jy moet Dondermiddag vir een van die rolle vir die nuwe stuk kom lees.”

***

Braam lê soos gewoonlik voor die televisie.

“Het jy nie huiswerk nie?” vra sy geïrriteerd.

Braam ignoreer haar en sit die televisie kliphard.

“Braam, sit sagter!” skreeu sy. Hy lag en skakel oor na ‘n ander kanaal.

“Wat byt jou? vra hy terwyl hy die televisie sagter sit en haar met een van die bank se kussings gooi.

“Waar’s Ma? vra sy vies, terwyl sy die kussing eenkant toe skop.

“Jy kan my soen as ek weet,” sê Braam terwyl hy hom op die bank uitrek.

Haar ma het vanoggend gesê sy het ‘n *runny tummy* en dat sy by die huis gaan bly terwyl sy bewerig vir haar ‘n koppie koffie in die kombuis geskink het.

1.18. In watter stad speel hierdie roman af? (1)

1.19. Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommer neer.

In hierdie roman leer ons Lien beter ken. Lien is nou al ‘n jaar in Hoërskool 1.19.1.______________ . Hulle moes hulle bekende omgewing verlaat en woon nou in ‘n klein 1.19.2.______________ wat geen uitsig het nie. Lien se ma was in hul vorige lewe ‘n 1.19.3.______________, maar sy speel nooit meer die 1.19.4.______________nie. (4)

1.20.1. Wie praat in die uittreksel hierbo met Lien? Gee haar titel en van. (1)
1.20.2. Watter skoolvak gee sy? (1)

1.21. Gee die naam van die film waarop die skool se toneelstuk gebaseer is. (1)

1.22. Die volgende stelling is ONWAAR.

Lien het die oudisie bygewoon omdat sy regtig meer betrokke wou raak by die skool.

Sê in jou eie woorde waarom Lien die oudisie bygewoon het. (1)

1.23. Watter rol het Lien in die toneelstuk gekry? (1)

1.24. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies

As ons lees hoe Braam hom in die uittreksel hierbo gedra, kan ons aflei (deduce) dat hul huidige situasie (hom gespanne maak/hom nie regtig affekteer nie) (1)

1.25. Gee ‘n voorbeeld uit die roman wat wys dat Lien onselfsugtig was veral as dit by Braam gekom het. (1)

1.26. Hoekom, dink jy, het Braam soveel tyd as moontlik weggebly van die woonstel? (1)

1.27. Dit was Lien se idee dat Braam vir Dirkie en Donovan vra om iets te doen vir sy krieketspan. Wat het Braam vir hulle gevra? Gebruik die korrekte Afrikaanse woord in jou antwoord. (1)

1.28. Hoe het Braam sy gunsteling video tussen al die video’s in die boks geïdentifiseer? (1)

**BLAAI OM**

**Teks D**

Lees die uittreksel hieronder en beanwoord dan die vrae wat volg.

> Haar selfoon piep ‘n boodskap. Dis ‘n sms van Dirkie. *Tee en kaaskoek*. Sy trek die voordeur toe. Sy hoop half Braam weet van niks, maar in haar hart weet sy dit kan nie wees nie. Nuus trek vinnig by Jakaranda.
>
> Dirkie se woonsteldeur staan oop. Sy hoor musiek binne. Hy loer om die deur.
>
> “Haai, kom in.” Hy maak asof niks verkeerd is nie.
>
> Dirkie se woonstel lyk soos iets uit *Garden en Home*. Sy was nog nooit voorheen binne nie. Oorspronklike kunswerke hang teen die mure. Die meubels en matte is room en wit.
>
> Lien gaan sit tussen die groot kussings op die sagte roomkleurige bank. Die woonstel ruik na kruietee en potpourri.
>
> Hy bring eers die bordjies met kaaskoek en kom daarna met twee bekers tee by haar sit.
>
> “Ek wil nie in jou *bubble* klim nie,” begin hy verskonend terwyl hy sy beker ‘n entjie dieper op die koffietafel stoot, “maar ek dink ons moet jou ma help. Gaan praat met Gerhard.”
>
> “Jy kan maar – ek bedoel, in my *bubble* klim. Wie is Gerhard?” Sy vat ‘n sluk van die lekker tee.

1.29. Verduidelik in jou eie woorde watter vernederende (embarassing) insident dié middag buite die skool plaasgevind het. (1)

1.30. Gee 1 van jou eie woorde wat Lien se gevoelens sou beskryf het nadat dié insident plaasgevind het. (1)

1.31. Hoe het Wouter na die insident vir Lien gehelp? (1)

1.32. Hoekom het Lien se ma hulp nodig? (1)

1.33. Wie is Gerhard? (1)

1.34. Noem twee aspekte van hul vorige lewe wat Lien met hom bespreek het. (2)

1.35. Wie is oom Frank en tannie Poppie? (1)

1.36. Die dag na die insident, loop Lien vir Sally in die badkamer raak. Daar vertel Sally vir Lien 2 feite omtrent haar (Sally se) pa. Wat vind ons uit omtrent haar pa? (2)

1.37.Voltooi die sin deur die weggelate woord in te vul.

Volgens Sally is dit nie die kinders se s______ dat hulle ouers probleme het nie. (1)

1.38. Later daardie oggend ontvang Lien ‘n boodskap van tannie Bets wat sê dat sy en Braam na skool moet kom inloer.

1.38.1. Wie was ook daar by tannie Bets? (1)
1.38.2. Watter nuus het die twee vir Lien en Braam vertel? (1)

1.39. Watter verskoning gee Lien vir haar en Braam sodat hulle nie saam met tannie Bets vir hul ma hoef te gaan kuier nie? (2)

1.40. Lien en Hein leer mekaar ‘n bietjie beter ken.
1.40.1. Watter musiekinstrument speel Hein? (1)
1.40.2. Watter tipe werk wil Hein graag doen? (1)

1.41. Lien en Miemie leer mekaar ook ‘n bietjie beter ken.
1.41.1. Wat vra Miemie vir Lien sodat hulle mekaar beter kan leer ken? (1)
1.41.2. Na watter popgroep se musiek luister Miemie graag? (1)

1.42. Hoofstuk 20: Nuwe mense relax nou hier.
1.42.1. Waarna verwys die titel van hierdie hoofstuk. (1)

(35)

GROOTTOTAAL:70